Gebed as oproep vir meelewing

MENS TOT MENS

- Waarvoor voel jy moet jy vir jou medemens bid?
- Waarvoor het jy nodig dat mense vir jou moet bid?
- Wat maak dat jy skaam is om vir ander te bid?

MENS TOT GOD

- Sing Sb. 10-2
- Bid dat God ons sal lei in ons gebede om werklik naaste liefde teenoor mekaar te toon

GOD TOT MENS

- Lees Jakobus 5:13-20

Agtergrond

Jakobus as geheel dien as 'n praktiese handleiding vir die manier wat 'n gelowige sy lewe moet inrig. Godsdiens stop nie net by geloof nie, maar ook die dankbaarheidslewe wat daarmee gepaardgaan.

Aan die einde van hierdie brief verduidelik Jakobus die wyse waarop gelowiges vir mekaar moet bid om mekaar op te bou in die geloof.

** Die woord wat gebruik word vir genesing in vers 15 beteken nie fisiese genesing nie, maar geestelike genesing.

BESPREKING

- Let op hoe Jakobus die hele gemeente oproep om mekaar te ondersteun
  - Hoe verstaan ons die amp van gelowige?
- Die einde van vers 16 word baie kere misbruik in charismatiese groepe
  - Tog sien ons dikwels die rol van gebed raak – bespreek

- In vers 15 word die verband uitgelig tussen siekte en sonde vergifnis
    - Hoe maak sonde dat ons geestelik swak word?
- Hoe skakel verse 19 & 20 met Matt. 18 (Die kerklike tug)

MENS TOT MEDEMENS

- Bely julle sondes teen mekaar
    - Wat staan in ons pad om eerlik met mekaar te wees oor ons sonde?
    - Is party sondes makliker om te bely as ander?
    - Hoekom is dit makliker om sondes teenoor God te bely as teenoor mekaar?
- Hoekom is dit makliker om ander se sonde uit te wys as om jou eie sonde raak te sien?
- Vers 13 gee 2 opdragte
    - Watter opdrag kom ons die maklikste na?
    - Wat hinder ons om lofliedere van dankbaarheid te sing?

MENS TOT GOD

- Laat een persoon afsluit
    - Bid dat ons opreg vir mekaar sal bid
    - Bid dat ons voortdurend ons sondes in ons gebede sal bely
    - Bid dat ons deur die Heilige Gees werklik genees sal word
    - Bid vir ons broers en susters wat volhard in die sonde en dat God ons sal toerus om hulle by te staan.